SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 9 FEBRUARIE 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur ZS6JPL. ' 'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

In die nuus vandag:

REGISTRASIEVORM VIR DIE 2020 NASIONALE KONVENSIE

RADIOFREKWENSIESPEKTRUM FOOIE 2020/21

en

DIEP DUIK VIR 'DIE WÊRELD SE BEKENDSTE RADIO'

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

Ons begin hierdie bulletin met die nuus van twee stille sleutels:

Dit is met leedwese dat die Zoeloeland Amateurradioklub moet aankondig dat die sleutel van Dirk Raave, ZS5DI op Maandag 27 Januarie stil geword het.

Ons innige meegevoel aan sy lewensmaat Gerda, sy familie en vriende.

Dit is met hartseer dat ons aankondig dat die sleutel van Bill van der Walt, ZS6WDV op Maandag 27 Januarie 2020 stil geword het.

Ons innige meegevoel met sy dogter Thurza, familie en vriende.

POUSE

REGISTRASIEVORM VIR DIE 2020 NASIONALE KONVENSIE

Die registrasievorm vir die 2020 Nasionale Konvensie is beskikbaar op die Liga-webwerf, klik op die skakel op die voorblad. Die Volmagvorm vir die 2020-AJV is beskikbaar op die AJV Dokumente-bladsy op die webwerf. Die AJV-boekie sal beskikbaar vanaf 22 Februarie 2020.

UITSTALLING BY DIE SARL NASIONALE KONVENSIE

Wil jy uitstal tydens die SARL se 2020 Nasionale Konferensie? Daar is 7 ruimtes van 3 x 3,5 m beskikbaar. Kontak nou vir Noel, ZR6DX by zr6dx@iafrica.com om jou plek te bespreek.

NUWE LEDE

Die SARL verwelkom die volgende nuwe lede wat gedurende Januarie aangesluit het - Gerhard Hoffman, ZSL1213; Willem Stevenson, ZSL1214; Jimmy Hendrikz, ZR1AFV; Leon Smit, ZS1SL; Richard Gwilt, ZS2RL; Menno van Zaanen, ZS6MMV en Hendrik Rudman, ZS6RHL.

RADIOFREKWENSIESPEKTRUM FOOIE 2020/21

Op Woensdag 5 Februarie het OKOSA die SARL in kennis gestel dat, volgens die VPI-dokument wat op 22 Januarie 2020 deur Stats SA gepubliseer is, die gemiddelde VPI vir 2019 4,1% is, wat die persentasie verhoging van OKOSA-fooie sal wees. Let daarop dat hierdie fooie eers vanaf 1 April 2020 geïmplementeer word en dat alle lisensies wat in die res van die lisensiejaar 2019/2020 uitgereik is, die pro rata-fooi betaal, bereken op die ou fooie. Die radiofrekwensiespektrum fooie sal dus verhoog word na die volgende:

Minimum fooi of 1 jaar lisensie - van R 148,00 tot R 154,00 Die meerjarige lisensies verhoog soos volg: 2 jaar lisensie - Van R 283,00 tot R 294,00 3 jaar lisensie - Van R 406,00 tot R 422,00 4 jaar lisensie - Van R 517,00 tot R 537,00 5 jaar lisensie - Van R 617,00 tot R 642,00

Vermy die moeite om elke jaar te hernu, kies vir 'n meerjarige lisensie. Betaal eenvoudig die toepaslike bedrag as jy hernu. Op die EFT vermeld 5-jaar lisensie en jou lisensienommer. Stuur 'n e-pos na specrev@icasa.org.za en dkuhrau@icasa.org.za met 'n afskrif van die EFT-betaling. Die korrekte rekening vir jou OKOSA-lisensiegeld is NEDBANK-rekeningnommer: 14 62 00 29 27, takkode: 146245 - Korporatiewe Kliëntedienste - Pretoria en in die verwysingsveld tik in jou lisensienommer en roepsein.

Jy luister na  nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

HERINNERING VAN LOGSTATE VIR DIE PEARS BHF/UHF KOMPETISIE

Net 'n herinnering om jou PEARS BHF/UHF-kompetisie logstate in te dien. Logstate moet ingedien word by contest@peham.co.za of gepos word na Posbus 10402, Linton Grange 6015, Port Elizabeth. Die sluitingsdatum vir die indiening van logstate is 14 Februarie. Onthou dit as jy slakkepos gebruik.

DIEP DUIK VIR 'DIE WÊRELD SE BEKENDSTE RADIO'

Na watter uiterstes sou jy gaan om 'n ou radio in die hande te kry? As die radio die draadloos sender is wat die operateur Jack Phillips op 15 April 1912 gebruik het om hulp vir die gedoemde RMS Titanic te ontbied, sluit daardie uiterstes waarskynlik dieptes in die oseaan in. Die Amerikaanse maatskappy wat reddings regte op die wrak het, is gereed om die reis te maak - en binnekort.

Daar word 'n Amerikaanse Distrikshof Regter in Oos-Virginia gevra om 'n onderwater-ekspedisie na die binnekant van die skip goed te keur om die Marconi-sender wat die RMS Carpathia ontbied, terug te kry. Dit het die boodskap gestuur: "Kom dadelik. Ons het 'n berg geslaan. Dit is 'n CQD, ou man."

In ‘n ooreenkoms wat onlangs tussen twee lande, Brittanje en die Verenigde State, gesluit is, het albei die gesag om toestemming vir sulke missies te verleen of te weier. Die Amerikaanse maatskappy RMS Titanic Inc., wat hoop om die reis te maak, het in sy hofstukke opgemerk dat hoewel die radio lokaal self ietwat ongeskonde gebly het, gate in die dekhuis direk daarbo vorm, wat die Marconistel in gevaar stel. Die Washington Post het gesê dat Parks Stephenson, ’n kundige oor die Titanic, die sender ’die wêreld se bekendste radio’ genoem het.

KLUB NUUS

Stel jy belang om elke derde Saterdag van n maand te kom luister na baie interessante tegniese praatjies. Besoek Magalies Radioamateurklub op die hoeke van Breyer- en Millslane in Waverley, Pretoria. Op Saterdag 15 Februarie kom gesels Gordon Forbes, ZS6FI oor ZIGBEE,n toekomsblik ten opsigte van rekenaars, Kunsmatige Intelligensie, Wi-Fi Arduino en 3 D drukkers. Onderwerpe onder bespreking sal so ver as moontlik met praktiese voorbeelde verduidelik word. Daar sal genoeg te eet en te drink wees na die klub byeenkoms en genoeg tyd om lekker te gesels met mede amateur vriende.
Sien jou 15 Februarie by Magalies Radioamateurklub.

Stel jy belang om die Radio-Amateur Eksamen in Meimaand 2020 te skryf. Magalies Radioamateurklub bied elke Saterdag vir die volgende 8 weke nog klasse aan ter voorbereiding van die RAE by ons klubhuis. MRK se klubhuis is op die hoeke van Breyer- en Millslane. Klasse neem in aanvang om 8:30. Jy is nog nie te laat nie! Besonderhede is beskikbaar op MRK se webwerf by www.zs6mrk.org en volg die skakels.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan ’n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan bruikbare DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag - die SARL-velddag 13 Februarie Wêreld Radio-dag 15 Februarie - die MRK Tegniese Saterdag 22 Februarie - die 2020 AJV-boekie beskikbaar vir aflaai 23 Februarie - die SARL RTD-kompetisie 27 Februarie - Internasionale Melktert dag 28 Februarie - sluitingsdatum vir samevatting van AMSAT SA Referate 29 Februarie - die Wes-Randse snuffelmark en die SARL 95 40 m Klub Naelloop 1 Maart - die SARL Hamnet 40 m-kompetisie 5 tot 8 Maart - Hobby-X en ZS95SARL 7 Maart - die Kaapstadse ARS snuffelmark 8 Maart - Internasionale Vrouedag en die SARL YD Naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, ’n opsomming van ons hoof berig:

Die registrasievorm vir die 2020 Nasionale Konvensie is beskikbaar op die Liga-webwerf, klik op die skakel op die voorblad. Die Volmagvorm vir die 2020-AJV is beskikbaar op die AJV Dokumente-bladsy op die webwerf. Die AJV-boekie sal beskikbaar vanaf 22 Februarie 2020.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte, in beide Engels en Afrikaans indien moontlik, op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending by Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns ZS6ADY, geredigeer deur Dennis Green, ZS4BS/6 en gelees deur ……..

Die Afrikaanse Nuusspan wens jou alles van die beste vir die week wat voorlê!